



*Mossel Bay Golf Estate*  
*Hidden Jewel of the Garden Route*



ONS HOU U  
OP HOOGTE  
VAN SAKE

## IN DIE NUUS

### HEV DIREKSIE

IN HIERDIE UITGAWE  
Fokus op Gedragsreëls

Tydens die laaste vergadering van die Raad van Direkteure (RVD) is daar besluit om eienaars en huurders in te lig oor sake waarmee die RVD tans besig is. Vrae word gevra rondom reëls wat van tyd tot tyd ondeurdagtelik deur die RVD gemaak word. Ons wil inwoners die versekering gee dat dit nie die geval is nie en dat ons as verkose lede moet sorg dat daar by die reëls gebly word. Ons aanvaar dat tye egter verander en dat reëls dienoreenkomstig aangepas moet word. Dit is egter so, dat as jy op 'n Landgoed bly, jy die reëls ook moet aanvaar en gehoorsaam.

Ons wil almal egter meedeel dat die RVD slegs "huisreëls" of diskresionêre reëls kan verander/instel. Gedragsreëls word deur die Algemene Jaarvergadering (AJV) ingestel en aanvaar en kan ALLEENLIK deur hulle verander word. Indien eienaars enige sulke reëls wil aanbring/verander moet dit op die volgende AJV se agenda geplaas word. Ons vertrou dat hierdie inligting alle misverstande uit die weg sal ruim.

### Reëls Sub - Komitee

Die Reëlskomitee is tans besig met twee sake. 'n Groot hond word by Maranatastraat 15 aangehou en 'n onwettige heining is by Maranatastraat 13 opgerig. Beide huurder en eienaar is nie bereid om die bestaande reëls te gehoorsaam nie, dus gaan 'n hofgeding moontlik ontstaan.

## GHOLFDAG APRIL 2015 `N GHOLFDAG TEN BATE VAN DIE DBV



## GHOLFDAG

Gedurende April 2015, het die Huiseienaarsvereniging (HEV) `n baie geslaagde gholfdag aangebied. `n Bedrag van R15000-00 is aan die plaaslike Dierebeskermingsvereniging (DBV) oorbetaal. Hierdie geld is gebruik om `n veilige aflaaier by die konsultasiekamers te bewerkstellig.

Almal word weereens bedank vir hul deelname.

## GHOLFKLUB

Die "samewerkingsooreenkoms" met die Gholfklub is op 1 Julie 2015 met `n verdere 5 jaar hernu. Ons vertrou die Gholfklub sal `n bate vir ons almal wees.

## MBGL WEBTUISTE

Ons webtuiste ([www.mosselbaygolfestate.co.za](http://www.mosselbaygolfestate.co.za)) is onlangs met behulp van Eiendomsagente opgradeer. Nuwe moontlike waardes van eiendomme is aangebring.

## ARK SUB - KOMITEE



### VERPLIGTING OM TE BOU

Die "Verpligting om te Bou" boetes is nou reeds drie jaar aan die gang. Daar is nou minder as 25 eiendomme waarop boetes gehef word teenoor die aanvanklike 77 eiendomme. Ongelukkig is daar een eienaar wat weier om die boetes te betaal. Hierdie uitstaande gelde is nou amper drie jaar agterstallig (verjaar) en daar is met regsaksies begin om hierdie uitstaande gelde te verhaal.

## SEKURITEIT SUB - KOMITEE

Irene Otto is as nuwe Sekuriteitsbestuurder by die Landgoed deur die Sekuriteitsmaatskappy aangestel. Gary Benn sal waarnaem as sy nie beskikbaar is nie. Verder was daar vir meer as 2 jaar geen insident op die Landgoed nie. Ons wil almal bedank vir hul samewerking en doen 'n beroep op almal om daarop voort te bou.



Meld asseblief ALLE sekuriteitsaangeleenthede aan by Sias Koen, Landgoedbestuurder 2230 (intern), 044 691 2539 of 079 966 7022.

## VULLIS VERWYDERING

Ongelukkig kom daar nog steeds gevalle voor waar inwoners rommel op oop erwe en in die natuurresewaat stort. Nodeloos om te sê, hierdie oortreding moet onmiddellik gestaak word. Stappe sal beslis teen oortreders geneem word.



### TROETELDIERE

Inwoners wat met honde stap moet asseblief kennis neem dat honde aan 'n leiband moet wees. Honde ontlasting moet opgetel en verwyder word.

## FINANSIES

Soos verlede Desember by die AJV gerapporteer is, bly die HEV se finansiële posisie gesond. Tans is ons netto surplus R0,5 m beter as begroot en staan ons reserwes op meer as R1,5m. Verder bly ons agterstallige debiteure laag. Ons volg `n konserwatiewe beleid en dit het ons in staat gestel om huiseienaars se maandelikse heffings te laat styg met verhogings laer as inflasie, terwyl baie van ons groot uitgawes met baie meer as inflasie gestyg het.



## SPOED OP DIE LANDGOED

Laastens moet ons ongelukkig weereens `n beroep doen op inwoners en besoekers om die spoedgrens en verkeerstekens te gehoorsaam. Ons kan nie bekostig dat mense se lewens in gevaar gestel word deur onverskillige bestuurders nie.

